




STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.

Hoofredakteur—C. Hattingh.
Besigheidsbestuurder—C. J. van Wyk.
Medewerkers—
C. M. Janse v. Vuuren.
F. A. Scheepers.

Alle bydraes moet vroegtydig
by een van die redaksielede
ingehandig word.

Subredakteure—
J. v.d. Walt.
H. J. A. du Plessis.
E. L. Grové.
Mej. C. M. Wasserman.

DEEL I, Nr. 6.

Vrydag 9 Augustus, 1946.

PRYS 2d.

WAAR IS DIE BESIELING —DIE GLOED VAN DIE DAAD!!

Daar kom tye in die lewe van elke mens dat hy sy kritiese ego buite homself moet stel om homself in oënskou te neem en te beoordeel, sodat hy nie miskien die koers heeltemaal kwytraak nie. Sulke momente is onontbeerlik as dit iemand erns is om 'n bepaalde koers te hou. Maar om dit te kan regkry is 'n kuns wat buite die magte bly van baie van ons. Dis nie speletjies om as dit dol gaan op 'n afdraende, jou arm uit te steek en 'n bossie of boom in die hande te kry, wat mens blaaskans gee en kans gee om koers te verander nie, as dit moet.

Net so moeilik is dit om deel van 'n gemeenskap te wees en om dan die gemeenskap waarin mens lewe en werk objektief, werklik objektief, te sien. Maar ook soets is nodig, is onontbeerlik. As ons dan só probeer toekyk op ons studente lewe en studente, kan ons alleen praat as een van hulle, m.a.w. ons beoefen nie die kriek van die stuurliu wat aan wal staan nie, maar selfkritiek, wat baie gesond kan wees. Dan is daar twee dinge wat opval: Onthou u hoedat daar 'n paar jaar gelede gepraat is

aangaande ons jeug—aangaande Jong Suid-Afrika? As 'n man moedeloos geword het nadat hy sy vurige, nasionale, besielde woorde gerig het tot die ouere geslag, het hy net daarna omgedraai en gesê „Maar Jong Suid-Afrika!“ Ja hulle het die vuur en gloed, die besielde daad, wat voortkom uit die besielde innerlike geken. Die toekoms, wanneer hulle die ouere geslag word, het belowende en vry geluk. So was ook die student van 'n paar jaar gelede. Maar nou—die bordjies is verhang—of liever daar is geen bordjies nie. Mens mis die gloed van hardhout-kole. Die besieling is tans die ylerige vlammetjies van 'n kortgras-veldbrand, wat brand na die kante toe wat die wind waai.

Die studente, hulle wat die leiers van die jeug en die ganse volk moet wees, hulle is die moedeloses, hulle is die kompromie soekers, hulle hardloop wat vreemd is na en sluk met suur gesigte aan die moedersmelk. Hulle kan flick, en dans en intervarsity hou en goed swawel en 'n duiwelse hou spyker—elke student doen die meeste van hierdie dinge—maar sal hy nagdeur kan wagstaan, sal hy ook die spot kan verduur omdat hy konsekwent staan by 'n beginsel wat hy daarop nahou, sou hy sy vuus gebruik as 'n man sy moeder vloek?

En die tweede saak wat nou hiermee saamhang: Herhaal die geskiedenis hom daarin dat die student losraak van die volk en grond waaruit hy gebore is. In 1916 het die student wat terugkom van 'Varsity af, engels gepraat en die Boertaal verloën. As ons nou terugkom van Universiteit af, praat ons wel nie Engels nie, maar is ons geestes houding nie net so vreemd teenoor 'n werklike volkseie en volkstradisie as wat Engels destyd teenoor Afrikaans was nie?

Miskien soek ons 'n uitsonderlike voorbeeld om na te verwys, maar mens soek na koelte onder die breedste boom: Paul Kruger—skaapwagter, Veldkornet, Kommandant, President, maar Boer tot in die murg toe.

DIE HOOFKENMERKE VAN DIE NUWE WÊRELDORDE.

Blykbaar kom die tyd nou baie naby vir die finale deurbreking van die nuwe wêreldorde en die hoofkenmerke daarvan word steeds duideliker waarneembaar. Soos ek reeds elders gesê het, is dit ook byna nie meer nodig om daar veel oor te praat nie, omdat die feite self al so onmisken-

baar duidelik begin spreek. Tog kan dit goed wees om die hooflyne nog 'n keer saamvattend af te teken sodat die geheelbeeld van die toekoms makliker opgevang kan word uit die verwarrende veelheid van sy openbarings-tekens.

Die spil van die nuwe wêreldorde is onmiskenbaar die Verenigde State van Amerika, omdat dit die sentrum is van die moderne tegniek.

Maar om hierdie spil word 'n internasionale wêreldorganisasie opgebou waarin die eertydse soevereiniteit van nasionale state grotendeels opgelos sal wees, omdat só alleen die veiligheid van die noodsaaklike wêreld-verkeer gewaarborg kan wees.

Hierdie wêreldorganisasie vertoon egter, afgesien van sy aanvanklike onrypheid en kleiner belangebotsinge (soos dié tussen Amerika en Engeland), 'n wesenlike innerlike breuk, n.l. dié tussen die Weste en die Ooste, wat 'n nuwe wêreldoorlog onvermydelik maak.

Trouens die geskiedenis van vandag bestaan grotendeels in die openbaardwording van hierdie breuk van Noord tot Suid min of meer op die skeidingslyn tussen blank en meer of minder gekleur—Rusland teen die Westerse Moondhede, Arabier en Jood teen Engeland, Indiër en Javaan teen Enge-

SPANNENDE ROMANS

met Kleurvolle Liefdes Temas

HARTE VAN STAAL:—deur C. A. Groenewald. Prys 10/-

Ook sy beminde glo dat hy skuldig is en die omstandighede is so in sy onguns dat hy geen bewys van sy onskuld kan lewer nie”

DR. ELISE:—deur M. Steyn van Rooyen. Prys 8/-

„Die sterk botsings, hewige konflikte wat uit die aard en wese van die mediese beroep en sy verhouding tot die menslike lewe spruit, word in hierdie werk in die vorm van 'n kleurvolle liefdestema behandel”

WILDE MALVA:—deur E. J. Fraser. Prys 8/-

„Die verhaal van 'n beeldskone jong meisie wat onder 'n skaduwee groot word omdat almal sê dat haar moeder, van wie sy haar skoonheid geërf het, „Sonder 'n ring aan haar vinger gesterf het”

BLOEDSPOOR NA DIE KRATERS:—deur R. Hendriks. Prys 8/-

„'n Opwindende speurverhaal wat deur oud en jonk geniet sal word.”

AGTER DIE RANT:—deur J. J. Brits. Prys 5/9.

„Die skrywer gee 'n pragtige uitbeelding van die geweldige botsings wat ontstaan tussen twee gesinne met hul teenoorgestelde lewensopvattinge”

Boeke is altyd goeie vriende! Boeke so na u smaak!

Vir al u Boeke en Skryfbenodighede besoek

DIE TRANSVALER-BOEKHANDEL

KERKSTRAAT 90, POTCHEFSTROOM. FOON 497.

BOTHA GOOSEN

Kerkstraat 98,
Potchefstroom.

Foon 430 Posbus 81

—vir—

MANSKLERASIE

J. HEIDEMA

RYWIELE
en
NAAIMASJIENE,
POTCHEFSTROOM
(teenoor Geref. Kerk).

VERKOOP OOK SKOENE

RUIME KEUSE VIR ALLE
DOELEINDES.

Lae konkurerende Pryse.

ELKE DAG VARS.

TURKSTRA'S BAKKERY

BROOD
en alle
KOEKSOORTE

Raadpleeg ons vir

BRUIDSKOEKE

FOON 282. FOON 282

KERKSTRAAT 37,
POTCHEFSTROOM.

MILLER EN KIE., BEPERK.

VIR WAARDE.

BESOEK ONS

Verskillende Afdelings.

MATERIALE,

GORDYNSTOWWE,

KLERASIE EN
SKOENE

VIR VOLWASSENES EN KINDERS

en Bespaar Geld

Posbus 75. Foon 197.

KERKSTRAAT 119,
POTCHEFSTROOM.

land en Holland, die Koeliedom teen blank Suid-Afrika.

Gelukkig het die Ooste nog geen definitiewe spil waarom hy sy afsonderlike mag kan ontwikkel nie. Japan het dit probeer word; miskien kan Rusland egter dié rol vervul met sy beginsels van internasionalisme en kommunisme wat redelik goed aanpas by die Oosterse mentaliteit.

Aan die ander kant egter het die Weste nog die swakheid in homself dat sy produktiwiteit en sy innerlike eenheid ondermyn word deur sy krampagtige vasklewing aan die reeds verouderde kapitalisme, wat 'n groot deel van die Westerse mensheid laat opsien na Rusland as 'n verlosser. So ook word die Westeringe deur die oorblywende liberalisme nog verblind ten opsigte van die fundamentele aard van die kleurskeiding.

In hierdie opsigte moet die Weste homself nog innerlik uitsuiwer, en dit kan gebeur deur 'n deurdringing van Britse en Duitse ideë in die Westerse spilwêreld. Op die oomblik breek hierdie swakheid uit in die krisistekens van stakinge en inflasie in die V.S.A. en partytwiste in Europa. Dit sal egter nog heelwat erger moet word voordat 'n definitiewe wending verwag kan word.

Intussen begin ook in Suid-Afrika die internasionalisering (konsolidasie met die Weste), die kleurskeiding en die sosialisasie (met horte en stote) deurwerk en dit spel die einde van die Smutsbewind in Suid-Afrika, want Genl. Smuts is wel sterk in eersgenoemde opsig, maar swakker in die tweede en allerswaks in die derde. Hy is alleen nog te redde deur 'n koalisie met Dr. Malan, wat tot 'n mate hierdie swakhede van hom kan aanvul en self deur so 'n koalisie verlos kan word van sy swakheid in die eerste opsig. Dit is egter slegs 'n oorgangsmoontlikheid. Die eeffe verdere toekoms vereis 'n baie sterker Sosialisering-beleid as van een van bogenoemde twee negentiende-eeuers verwag kan word.

En vir ons as Christene en Calviniste is dit baie nodig om hiervoor 'n ops oog te hê om enigslus invloed te kan uitoefen op die vorming van die nuwe wêreldorde in ons vaderland. Ons moet ten volle twintigste-eeuers wees. Want dit is 'n hersenskim om te dink dat uit die Christendom of die Calvinisme as sodanig 'n stelsel afgelei kan word wat die 20e eeu kan vorm. Christendom en Calvinisme is nie skeppings- of vormingsbeginsels nie, hulle is herskeppings- en hervormingsbeginsels, en wat herskep word, is die natuur wat gegewe is, en wat hervorm word, is die gegewe menslike lewe en samelewing, nie die van die verlede nie, maar wel van die hede en die toekoms. Want die verlede is dood en ons plig is om te lewe en die lewe te belewe. Die voorwendsel om uit Christendom en Calvinisme 'n lewensorde uit te spin is slegs—waarskynlik onbewus en onbedoeld—'n dekmantel vir die vasklewing aan die oue en verouderde vorm van die lewe en die samelewing, wat voorheen tot 'n mate deur Christendom en Calvinisme herskep en her-

vorm was—in ons geval van isolasie-nasionalisme, van kapitalisme en liberalisme.

Laat die dooies egter hulle dooies begrawe.

L. J. DU PLESSIS.

DIE GEMEENSKAPLIKE TAAK VAN DIE AFRIKANERSTUDENTE IN ONS HUIDIGE VOLKSTOESTAND.

Alle volksbewuste Afrikanerstudente verkeer op een of ander akademiese inrigting met tweërlei doel voor oë. Enersyds om deur die opleiding wat ontvang word, in watter rigting ook al, te bekwaam ten einde 'n bestendige lewensbestaan te verseker, en andersyds om dié bekwaamheid in diens van ons volk in die algemeen te stel. M.a.w. afgesien van selfhandhawing in die lewe, het elke Afrikanerstudent (e) 'n besondere, 'n met sy/haar bekwaamheid ooreenstemmende taak in ons volkslewe te verrig. Hierteenoor egter, het alle Afrikanerstudente vandag ook 'n algemeen gemeenskaplike taak te verrig.

Wat is nou hulle gemeenskaplike taak in ons huidige volkstoestand? Om hierdie vraag te beantwoord is dit nodig om vooraf eers 'n blik te werp in ons teenswoordige volksomstandighede.

Dat ons volkstoestand op die huidige oomblik uiters kritiek is, ly geen twyfel nie, dit is vir elkeen 'n uitgemaakte saak. Kritiek in die sin, dat ons nie alleen magteloos staan teenoor ons brandende nasionale-vraagstukke nie, maar dat, indien sake nie binne afsienbare tyd radikaal anders ontwikkel nie, ons as volk tot gewisse ondergang gedoem is. Met nasionale-vraagstukke word hier veral bedoel die armblanke-vraagstuk met die daaruit voortvloeiende ander vraagstukke, wat hoe langer hoe meer volksverlammend inwerk, en die in die jongste tyd veral, so aktueel geworde rassevraagstuk. Alhoewel b.g. vraagstuk oneindig veel daartoe bydra, is dit veral lg. probleem wat ons volksbestaan hoe langer hoe hewiger bedreig. Alles dui daarop dat as hierdie gevaar nie betyds gestuit kan word nie, die ondergang van die blanke beskawing aan die suidpunt van Afrika gewis nie meer lank sal uitbly nie.

Wat is nou ons volkshouding as geheel, temidde van hierdie voortkankerende probleme en teenoor hierdie aanrollende bestaansbedreigende gevaar? Is ons houding doelbewus daarop gerig om die probleme op te los en dié gevaar te stuit voordat dit te laat is? M.a.w. dra ons die innerlike welsyn op die hart en is dit ons erns om as volk voort te bestaan? By sekere volksgroepe is dit seer seker die geval, maar as geheel geneem, is die antwoord op b.g. vrae, beslis negatief. Immers, indien dit die geval was, sou ons 'n eenheidsfront vertoon in ons nasionale strewe. Dat dit egter nie die geval is nie, word onteenseglik bewys deur die feit dat ons in ons strewe jammerlik verdeel is.

Dit is 'n historiese feit dat enige volk, om sy innerlike welsyn te handhaaf en die voortbestaan te verseker, daar eenheid in die nasionale strewe moet wees. Alleen in eenheid lê krag en selfhandhawing. Só gesien, indien ons nie betyds ons geledere sluit nie, d.w.s. 'n eenheidsfront vertoon in die nasionale strewe nie, staan ons reeds aan die wooraand van gewisse ondergang as volk.

Hier kom die gemeenskaplike taak van die Afrikanerstudente nou te pas nl. om hulle in ons volkslewe besonderlik te beywer vir volkseenheid. Dit is tog 'n onomstootlike feit dat juis die studente, omdat hulle die bekwaamheid daartoe besit, later die leiers word op die verskillende lewensterreine van ons volkslewe—en bepaaldelik om hierdie rede is hulle almal saam die mees geskikte persone vir so 'n veeleisende taak. Sowel die verre- as die jongste verlede in ons volks-geskiedenis het bewys dat dié persone, wat beide die leiers en eenheidsbeweraars van ons volk, studente was en dit ook in die toekoms sal bly.

Dit is dus vanselfsprekend dat, indien alle volksbewuste Afrikanerstudente oor ons hele land hierdie taak as 'n gemeenskaplike wil beskou, en hulle hul met woord en daad daarvoor beywer, die vrug op die arbeid moet volg. Om so'n gemeenskaplike taak aan te pak egter, moet die ganse Afrikaanse-studentedom eenheid van strewe vir die saak openbaar. M.a.w. dit moet 'n groot eenheidsoprede wees wat gegrond is op gemeenskaplike eenheidsbasis—so ander sal dit op niks uitloop.

Daar bestaan dan ook maar net een eenheidsbasis nl., dit moet in eerste instansie gegrond wees op die Woord van God om so ons heiligste volksafhanklikheidsgevoel nie aan te tas nie, en in laaste instansie moet ons optrede vandaaruit, effektief in ons volksgeledere kan inwerk in die lig van ons tyd en omstandighede.

Mag ons as bevoorregte studente ons gemeenskaplike taak besef, ons geledere stewig saamsluit en ons groot taak sonder versuim aanpak—ons volk het ons altyd, maar nou veral, broodnodig. Ons glo in God en daarom aan die voortbestaan van ons volk. As ons in dié geloof ywer en nie verslap nie, sal ons volk weer èen word. Eenheid alleen is die grondvoorwaarde vir beide die handhawing van innerlike welsyn en die toekomsvoortbestaan van ons as Volk.

F. BUYTENDACH.

WAAROM LEES U?

In die jongse uitgawe van **Die Wapad** verskyn daar 'n artikel uit die pen van L.J.B. onder die opskrif „Wat lees U?” Tereg wys die skrywer op die „vuil ondergrondse strome” in die leesstof wat soms aan die publiek opgedis word—en dan dink hy seker ook aan die skaamtelose onsedelikeit, wanvoorstellings van huwelik en liefde en selfs openlike propagering van sedelose vryeliefde of „liefdesvryhede.” In 'n reeks artikels het ook Ds. J. J. Engelbrecht duidelik en raak gewaarsku, veral teen die werke van Prof. Willemsse. As ons gewaarsku wil wees, daar is reeds genoeg gewaarsku!

Laat ons egter die motiewe ontleed wat daartoe dryf om sodanige werke te lees, en selfs graag te lees.

As eerste motief kan ons noem die drang tot bevrediging van die luste in ons eie hart. Wie in hom nie die begeerte na dergelike onsedelikhede, (losbandighede terwille waarvan die liefde verlaag word tot vyebled) koester nie, sal geweld word en geen lus tot die soort lektuur hê nie. Lees u dit? Waarom? Omdat dit u aange-naam prikkel! Omdat dit vir U fantasie die deure oopsluit wat u in die praktyk nie mag oopsluit nie! Daarom voel u half skaam, en sku, self vir u eie „beter self” terwyl en nadat u soiets gelees het. U voel dat die boek liewer in die vuurgegooi moet word, (want dit neem nie lank om te proe uit watter bron 'n skrywer put nie) maar die begeerte oorheers u wil en gewete!

'n Tweede motief is soms skoonheid, kuns-genot. Die vuilste inhoud word

STUUR U DROOGSKOONMAAK

NA

BERGERS BPK.

24 uur diens en die beste aandag.

Foon 138

ONS KOM HAAL EN LEWER AF.

Pakke en Rokke vanaf 2/11.

Broeke vanaf 1/3

BERGERS BPK.

King Edwardstraat 64, Potchefstroom.

soms wel in die skoonste doeke gehul. Die bome wat lewe uit die „vuil ondergrondse strome“ het dikwels die skilderagtigste vorme, die mooiste kleure van blad en bloeisel, die geurige rooiwang-aanloklikheid van ryp vrugte; maar as die vrugte beproef word, dan is dit giftig en die bloeisele stink! Laat ons dus aanneem dat so 'n werk hoë kunswaarde besit. Mag ons dit lees? M.a.w. wat is die norme wat ons leeslus moet beheer? (Oor werke van lae godsdienstig-sedelike en estetiese waarde val daar nie te redeneren nie). „Kuns om die kuns“ is 'n onding, 'n slagspreuk wat weerklank uit die spookagtige sale van die hel! Kuns en kunstalment is 'n gawe en dit moet gebruik word as 'n loffer aan die Kunstenaar van hemel en aarde! En as die mens dit nie doen nie dan laat Hy die klippe dit doen! Het u al in die natuur gesien hoe selfs die skynbaar klein en eenvoudige dinge 'n lieflike loffer van skoonheid laat opstyg na die Bron van alle skoonheid? Lof en prys aan God; dit is die doel van alle skoonheid. Daarom mag ons vorm en inhoud hier nie skei nie. Die vorm word beheers en moet beheers word deur die inhoud. Lees u 'n werk vir sy kuns terwyl sy inhoud soos vuil water oor u siel vloei, dan is u besig met „Kuns om die Kuns“. En die vorm is onbereikbaar behalwe deur die inhoud heen! Bo die norme van die estetiese staan die troon van die sedelike. En oor albei heen swaai die septer van die Goddiens; heers die gesag van die Woord van God! Dit is die sonde, die vernielingsbyl van die duiwel, wat die stuur van Gods Woord hier wil deurkap. Inhoud, strekking, die gees wat 'n werk adem, die gedagtes wat dit ontsluit; hier lê die finale waarde daarvan. Beproeft dus die geeste of hulle uit God is!

JAN.

UIT: „THE STORY OF SAN MICHELE.“ AXEL MUNTHE.

Die Laaste Aand.

Die lied van die nagtegaal het stil vervloei in die nag. Nou ek het geweet dat dit sy laaste sang sou wees.

Die nag is so oneindig vir iemand sonder hoop op die môrestand; die nag is so swart vir iemand wat nie die sterre kan sien nie.

O God van die Lig, Gewer van die Dag, as jy net nog 'n oomblik langer kon bly . . . Maar helaas, jy is 'n strenge meester, ek durf nie langer hoop op genade nie. Die dag is verby.

Ek het by die venster uitgekyk. Alles was donker en stil, maar in die verste hoek van die tuin het 'n pyl die lug trillend deurklief, en die Godin het tevrede haar boog laat sak . . .

Dis toe wat ek sy teenwoordigheid gewaar het, sy onsigbare hand liggies op my skouer gevoel het. Ek het hom geken. Ek het hom al dikwels by die siekbed van 'n kind gesien, 'n kind wat wurgend na sy laaste asem gesnak het. En toe 'n ou man rustig ontslaap het, het ek hom aan die kant van die bed sien staan. Nee, hy was 'n vriend, nie 'n vyand nie. Dis die Lewe, nie die Dood nie, wat die harde knoue toegedien het.

Ek het sag met hom gepraat. „Van-aand het ek nog die nagtegaal hoor sing. Sal ek sy lied ooit weer hoor?“ „Waar daar engele is, is daar ook voëltjies.“

„Ek wens iemand kon net vir oulaas die „Phaedo“ vir my voorlees.“

„Die stem was sterflik, maar die woorde was onsterflik. Jy sal dit weer hoor.“

„En sal ek ooit weer Mozart se „Requiem“ hoor?“

„Dit was slegs die weerklanke van die Hemel wat jy gehoor het.“

„Neem my, vriend, ek is gereed.“

„Ek sal jou net laat insluimer; alles sal 'n droom wees.“

„Sal ek ontwaak?“

Maar daar was geen antwoord op my vraag nie.

„Wie is jy, Droomwese? Is jy Hipnos, die Engel van die Slaap?“

Hy het digby my gestaan en ek kon die geur van die blomme in sy hare ruik, ek kon die droomwaas op sy voorhoof sien . . .

„Nee, ek is sy broer, gebore uit dieselfde Moeder Nag. My naam is Thanatis. Ek is die Engel van die Dood. En dit is jou lewenslig wat hier uitflikker in die lig van die fakkel wat ek onder my voete vertrap.“

C.S.B.

’N KYKIE IN THABA ’N KULU.

Studente, Drake en Dore, Leen ons jul ore, Thaba 'N Kulu prys wil ons So nie, raak ons gedons. O wee! daar lui die opstaan klok, En Liesbeth droom nog steeds oor Bok.

„Dis jou beurt om eerste op te staan,”

Het Verna vir snorkende Erica vermaan.

Affie sê: „Hoe het dit geryp, alla moord!“

En dit is toe haar laaste woord. Johanna steur haar nie daar aan

En trek onder die kombers klaar aan! Vanuit die eetsaal gaan hul traag na hul klasse

Om dan te wag vir die pos in die son soos dassie.

Christien en Rina jaag mekaar tot by die pos

Want briewe is daar van Onderste-poort en Stellenbosch.

Lettie vra wanhopig, „Wie nooi my vir tee?“

En Makka, nie minder wanhopig, roep mee!

Maar Bee, ongenadig, druk haar ore toe,

Eet alles op, en sluit haar kas weer toe.

Ollie weet alle nuus, van selfs die jongste kys,

Stry net, en dan sal sy dit nog boon-op ook bewys.

Louisa is moeg en sat vir 'n kys

En sal vir die voorbarige eerstejaars wys

Dat mens nie somaar vir 'n grap moet kys!

Susa en Trien kan nie wag vir die middagslaap

Want oor die naweek hou hul mos hul lyf nagaap.

Die son het skaars gesink in die weste

En Scheepers, na ure van regmaak, lyk op haar beste.

Na twee jaar se oefening kan Koot nog nie sy arms so vou

Dat Carolien se hare hul ordelikheid behou.

STRUIKELBLOKKE

Saterdag-aand! In sy beste pak klere wag hy naarsiglik dat die minute sekondes moet word, want hy gaan mos „call“ vanaand. Terwyl hy so wag skiet iets hom binne en 'n koue gevoel van vrees styg stadig van sy tone af op, of dit bangheid of senuweeagtigheid is kan hy self nie verklaar nie. Wat hom so laat voel is 'n gedagte oor iets wat vroeër in die week gesê is, as dit vanaand tot uitvoering gebring word, wat dan?—Die aange-name aandjie, onder haar betowerende sagte woordjies natuurlik daarmee heen. Skielik skiet 'n gedagte hom te binne; verdamp so vinnig soos eter, en hulle kan hom niks doen nie. Gou word die benodighede vir die aand—natuurlik twee botteltjies lemonade ook—bymekeer geskraap en met haastige treë word na sy rywiël gesoek. Net voordat hy die stoor binne wou gaan word hy genader deur een van die vyandike spioene.

„Iemand soek na jou in die huis,” is die saaklike boodskap. Wat nou gedaan? „Sal ek of sal ek nie?“ . . . wag hy gaan haal eers die rywiël, hoor dan wat hulle te sê het, en . . .

Toe hy nog met die slot van die rywiël sukkel hoor hy net hoe swaar deure toegaan en 'n slot in die grendel knars. Buig of bars hier moet hy uit. Soos 'n aanstormende leeu nader hy die deur en stamp slot en grendel dat hulle waai soos ertjie pitte uit 'n oopbarstende peul. Gou bring hy die rywiël uit want buite is nou niemand

te bespeur nie. Hy kom wantrouig by ou „Grampmaker“ en verneem van hom wie na hom gesoek het.

Deurdat dit nou bekend geword het dat hy in die lokval geloop het, nader die „wolwe“ hom van alle kante met gesigte wat stralend is van blydskap oor sy wederkoms.

Skielik neem vier groot sterk hande hom stewig vas in hulle arms van staal en slegs sy oë en tong kan getuig van sy misnoë.

Klik!!! 'n Oorverdowende gelag styg ten hemel terwyl hy gelos word. Eers kyk hy hulle aan of hulle skadelike insekte is, dog moet dan maar verleë glimlag want 'n sterk donkie ketting en „yale“ slot is om sy nek. Gou kom hy tot die besef dat elke sekonde nou kosbaar is indien hy haar wil sien sonder die ketting.

Met die spoed van 'n spuutaangedrewe vliegtuig vertrek hy van hier na „Hoender-Hok-Stalle“ op die bult, naby die dam.

Geagte leser stel jou voor, 'n kereel, in sy beste sondagspak, glad geskeer met 'n ou vuil donkie ketting om sy nek.

Enigste uitkoms was om vir „Omie,” die werksman van H.H.S. te vra om hom te bevry van sy slawebande wat sy deftigheid so ontsier. Selfs „Omie” moes lag vir die spektakel en om die man te help uit sy benoudheid gaan haal hy toe sy gereedskap.

'n Vyl word gebruik om die werk te verrig. Die wit boordjie word al valer en valer; die horlosie loop al vinniger en vinniger en sy geduld raak al minder en minder terwyl „Omie” (volgens hom) al stadiger en stadiger werk.

Toe die skakel uiteindelik gebreek is vlie hy daar weg soos 'n gespanne veer om skoonklere te gaan aantrek, maar „Omie” se jare lange ondervinding het hom al geleer om selfs met tyd ekonomies te werk te gaan. „Stof maar net af en alles is weerskoon.” „Tanie” se klereborsel word gou gehaal en drie minute later verskyn hy soos 'n pronk-pou mannetjie voor Tiekie, die juweel van sy hart.

Deur: Aros Arotsoch.

Nagesien deur: Tames Temetsoch.

PUKKIES!!

Op Saterdag, 10 Augustus, vind daar 'n groot stryd plaas op die P.U.K.-gronde! Die stryd sal woed tussen ons eerste Korfbalspan en die span van Moniment Hoërskool, Krugersdorp.

Met die volle ondersteuning van ons mede-studente sal ons baie dinge regkry! Ja, dit sal as 't ware broekskeur gaan met die Krugersdorp-span . . .

Ruk dus in groot getalle op en kom kyk wat gedoen kan word—selfs met 'n Korfbal!

BROSJURE-WYSHEID.

Maar hoekom het dan alleen die suiwer P.U.K. student stemreg? Dit is self te begrype watter moeilikhede daar ontstaan as mens met 'n swak kennis op die verenigings wil toetree. Daar kan groot ongemaklikheid ontstaan. Dit is tog geen plesier om iemand bv. te skors na so 'n fout wat hy begaan het nie!

'n Suiwer P.U.K. student is iemand wat die prosedure eksamen deurgekom het.

Twee lede van die Teologiese Skool behoort ook aan die S.R.

’N ODE UIT THABAJÄH.

Berugte hut! waar sange van liefde gloei—waar werk die gees net vermoei . . . O, twee gekke!

Gee rosyntjiekoeke, gee troos—jul haat my, vriende! My hart eet . . . o beminde, ek bly 'n gek!

Is daar liefde?

Kom, ou Kammie, laat ons werk; dis alles ydelheid—vry en werk? Dis alles bog . . . Ag!!!

—deur 'n ander gek.

DIE U.O.D.-PERSONALIA

W. BOTHA: Hy vroetel hier, hy snuffel daar!

W. ALHEIT: Breed en bonkig van stuk.

R. PRIGGE: Want ek wil in die praat-huis wees om andere 'n les te lees. (Ou Bees!)

FOURIE: Hy gaan swyend deur die jare.

TIMMY: Wie ter wêreld verstaan ooit die vrou, en wie sal haar geheimenis weet?“

KOOS BOX: Ons almal spartel hot en haar—net adel arbeid nie.

NANCY: Pas op! As sy begin te stry, dan storm dit in die hawe!

PRETORIUS: Vinnig en fyn is hy, rats soos 'n reebok.

VAN SCHALKWYK: Eksperimente is my dood.

LETTIE B.: Wie maar een boekjen heeft gelezen, Dat placht een neuswijs mens te wezen.

L. S. VAN DER WALT: Was ek 'n sanger, . . . Sou 'k sing van rose in volle blom.

BABA: Fyn, agter haar handjie, giggel sý vrolik.

BETTIE K.: Ek wou my ganse digkuns waag om ál my hartpyn uit te klaag.

E. JONES: The chocolate soldier!

OUDSTUDENTE NUUS.

Ons geluk aan Ds. en Mev. D. C. S. van der Merwe—'n dogter.

Jannie Botha, oud-kaptein van die Theos., maak mooi vordering nadat hy vergiftig was deur vis.

Chris Hattingh was in Lourenco Marques saam met sy verloofde en het ook voetbal gespeel.

Ds. K. S. van Wyk de Vries word tesame met sy vroultjie geluk gewens met hulle huwelik.

Geluk ook aan Piet Bosua met sy huwelik.

Ds. Sarel du Plessis en Judie Goosens word gelukgewens met hul verlowing.

UIT DIE VERKLARENDE WOORDEBOEK.

Afsny: die verbinding breek: „case“ breek?

Afsoen: 1) deur 'n soen die goeie verhouding herstel; die „case“ opmaak. 2) die oorsaak wat die meisie met bleek lippe na die laat-aand laat inkom en die man laat nael na die eerste badkamer.

Afskort: Afskei, afsonder, hok (vgl. eerstejaars).

Afskuur: Dit kan wees poeier, maar dit kan ook wees 'n persoon se velle a.g.v. 'n te harde kennismaking met die grond, vgl. Truitjie se wangvelle.

Bedags: Nie snags nie.

Bedel: Bydraes vir Die Wapad verkry.

Benoudebors: Soort epidemie jaarliks kort voor bloktyd.

Benul: Iets wat geen ware student besit a.g. sy werk nie.

Ja-woord: Toestemming, belofte.

Liefingstudie: Studie Saterdaggaande op die bankies.

Liefdewerk: Praktiese deel van bg studie.

Bankies: Laboratoria vir bg. praktiese werk, en waar proewe gedoen kan word, o.a. met „Kiss Proof.“

Maan: (Snw.) Hemelliggaam met geweldige invloed, veral wanneer vol; (w.w.) aanspoor tot . . .

Muishond: Klein roofdier wat 'n oorweldigende minder-welriekende geur versprei, sodra jy hom aandurf.

Skoothondjie: Mooi, klein hondjie, vgl. Ester s'n.

Tas: (Eng. „case“) (w.w.) voel, bevoel, aanraak.

—BABY.

VARIA.

Die twee Skippe van Gathland het die venster van die Kinderklubsaal afgebreek in 'n poging om oornag 'n Mampa-klub te stig. Die £1 wat betaal word om 'n plek te bespreek in die Koshuis, sal by die Boufonds geleen word vir die doel.

Wat het Basie op die toer van die Wes Transvaal-span gedoen dat hy so vet geword het. Daar word beweer dat hy twee duim spek onder 'n bles verberg.

'n Interessante feit is onlangs openbaar. Koos se Ouma was mos glo so goed in atletiek. Sy kom toe eenkeer op 'n sport-byeenkoms en sy vat die leste beker. Maar toe sien hulle haar 'n sy moes hulle almal terugsit.

Bart Viljoen . . . die ou wêreldling.

Doom (op Bloumaandag): „Kêrels, julle moenie met my aanlê nie. Ek het vanmôre 'n woordeskaf soos 'n muishond!”

K.V.O. wens hiermee iets terug te trek wat hy in die vorige uitgawe oor Dupie geskryf het, nl. . . . „en, hy het sy merk gemaak.” Dis glo nie hy wat Juffrou Wiese met die hokkie-stok oor die been geslaan het nie.

Geluk ook aan die P.U.K.-spelers wat in die Wes Transvaal-span gespeel het op die toer. Hulle het voorwaar presteer, en getoon dat hulle staatmakers in ons Theos. is.

Flip: „Hoe staan die lewe, ou Doom?”
Doom: „Nee man, ek is in die moeilikheid: sien, ek het my meisie baie lief, maar ek het 'n ander een in die oog—saans as ek dink my meisie slaap al, dan dink ek aan die ander een.”

INGRAM SE BOTTELSTOOR

(Eienares: Mev. C. M. INGRAM).



INGEVOERDE

en

KOLONIALE

WYNsoORTE

en

SPIRITUALIEË

O.K. BAZAAR

(1929) BEPERK

60 Departemente onder een Dak.

Kruideniersware en Voedsel-ware, Mans- en Dames-klerasie, Toiletware en Medisyne, Koek en Lekkers, Meubels — ens.

O.K. BAZAAR

POTCHEFSTROOM
Elke Dag 'n Uitverkopingsdag.

Gedruk deur die Westelike Stem, Potchefstroom vir die uitgewers, Studente Vert. Raad, P.U.K. vir C.H.O., Potchefstroom.

In die Molopo . . . waar die wêreld nog woës en leeg is . . . en is daar sonde!

Jalla „trials” word weereens terug-verwelkom op die voetbalveld. Hy wou eers hom net toelê op sy studies en „flick,” maar sal darem weer speel.

„When a man breaks a date, he has to, but when a woman breaks a date, she has two.”

Uit 'n betroubare bron word verneem dat Boomplantdag vernoem gaan word: „Honde Krismis.”

Meerkatspruit,
P.K. Verneuklaagte,
31 Jannewarie 1946.

Mynheer die Winkelier S. J. Bibberjee,

Heden plaas ek my neer om voor u een paar reëls te skryf. Met ons nog allen wel en hoop ditselfde van u te verneem. Met my klein Kasparus-sie gaan dit nie so baie goed nie. Hy val mooi eersjeester bo van die water-tienk of en nou is sy ou kniekie nog so seer. Nou wil ek net graag weten of u nie als u blief vir my saam met die jong een botteltjie Harmansdrup en Balsemkoepiefa sal stuur nie. Hulle sê mos Harmansdrup en Balsemkoepiefa is so goed vir 'n seerplek. Nou wil ek dit maar pirbeer. Sê maar net wat dit sal kos, dan sal ek hoender-eiers stuur. O ja, en stuur my ook als u blief vir 'n tiekie tiekerie. Die koffie wat mens deeske dae kry, is tog so flou.

Baie dankie Myn heer,
Die uwe,
JOSINA PERTOORS.

Muisondshoogte,
Biesieville,
Vanaand.

Neef Molotof,

Neef sien, ek is nou in die moeilikheid en nou skryf ek maar vir neef om raad. My seun Jannie (hy het verlede jaar sy Std. III met lof gedop) vertel my dat dit daar in Risland so vreeslik koud is. Hy sê dat die ryp somer voete dik daar lê in die winter. Toe lees ek nou die dag in die krant dat neef daar bly. My moeilikheid is eintlik met die uieplantjies neef. Die goed ryp vir jou nou somer vreeslik dood hier neef. En nou het ek so gereken neef—jy ken mos die koue en sal seker raad weet met die uieplantjies. En laat my tog die wete kry ou neef. Annerdag rol ek weer 'n klip uit jou pad ou neef.

Met die vrou en kinders gaan dit nog goed. Met my ook. Die dokter sê dat ek nou al amper gedaan is. Die riemêtiëk vreet my op en die jig pla baie. My hart, sê die dokter sal dit ook nie meer lank hou nie. Maar dis nou nie juis iets om oor te klake nie neef.

En ek hoor die Kommoeniste is daar by julle ook neef. Jy moet tog oppas vir die goddelose mense, neef. Hulle is glo skoon mal oor 'n kaffer neef. Jy moet maar trek as hulle jou wil doodmaak neef.

Groete,
Jou bekende,
JAN JAKOPS.

Geagte Redakteur,

Ek voel verplig om ook so oor die algemeen iets te sê oor die verhouding tussen mans en meisies soos op universiteite gekenmerk. Dit beteken natuurlik die toestand by ons in die besonder, maar dit geld in hoofsaak orals.

Wat egter opvallend is van die toestand hier, is dat apart van uitganery of uitnemery, mans en meisies per slot van sake nie genoeg omgang met mekaar het om op hulle gemak te wees nie. Waar almal tog saam is, is dit opmerklik dat daar dikwels spanninge in 'n doodgewone geselskap is, wat 'n mens aan hoërskooldae laat dink, waar alles so halfgeheimsinnig en agter die skerms verrig word. Dit is besonderlik die geval hier by ons. As ons ons die rede afvra, veral in vergelyking met die verhouding op ander universiteite, wonder 'n mens in hoeverre die verskil daaraan moet toegeskryf word dat hier oor die algemeen nie gedans word nie. Dit is asof die beoefening van dans, al is dit maar 'n enkele keer per kwartaal, 'n eienaardige uitwerking of losmaking van onnatuurlike selfbewustheid veroorsaak. (En van natuurlike skaamte? Red.)

Hierdie feit is tog die mees opvallende verskil tussen ons studente en dié op ander plekke.

Maar waar ons vasbeslote is om sonder die algemene dansverskynsel klaar te kom, moet daar tog een of ander manier wees om die toestand te verbeter. In die eerste plek het 'n mens natuurlik te kampe met die algemene laksheid en inisiatiefloosheid van ons mans. Dit word telkens maar weer bewys, bv. by die reëling van samekomste en funksies, dat daar op die dames kan staatgemaak word, terwyl 'n groot deel van die mans hul onttrek met: „Ag wat . . . !” Een van die grootste fleries wat ek ken het onlangs vir my gesê: „Dink jy nie die verhouding tussen 'n man en 'n meisie is te prágig nie?” Ek was wel 'n bietjie uit die veld geslaan, maar moes darem erken dat dit wel die geval is, veral as ons die mooiheid daarvan op die voorgrond stel.

Die ou ideaal, hoe afgesaagd dit ook al mag klink, is tog bereikbaar, nl. om soos „een groot gesin” te lewe. 'n Goeie bewys daarvan is die algemene gees van kameraadskap wat daar ontwikkel gedurende 'n toer van die een of ander aard. Persone wat so iets deurgemaak het, sal met my moet saamstem. En dit is tog net omdat hulle meer as gewoonlik met mekaar te doen het op so 'n toer.

Maar almal kan nie gaan toer nie. Ek laat die oplossing van die probleem oor aan 'n beter man as ek. Gesellighede is feitlik dood gebore. Op tennis en ander gemengde sportsoorte word om een of ander onbewuste rede streng segregasie toegepas. Volkspole is een oplossing, maar wat help dit om volkspole te reël as die meisies nie daarvoor gevra word nie? Maar daaroor is al baie gepraat.

Dit is asof mans vandag nie meer die moed het om 'n vesting te storm met die doel om te wen nie. Hulle gee in nog voordat hulle begin het. Ek dink dit is ook eintlik te veel moeite. Maar hulle is baie gou om meisies te

bestempel as „goedkoop” as van hulle die moed bymekaarskraap om die inisiatief te neem. Maar as die mans die leiding as hulle terrein beskou, waarom verwaarloos hulle dan hulle eie voorreg? Ek dink hul waardeer dit nie dat hulle nie met die pynlike afgagterij moet werk nie. 'n Ander voorreg wat hulle bo hul voorvaders geniet, is dat daar nie meer by 'n tweede besoek vir hulle gevra word wat hulle bedoelings eintlik is nie! Aangesien die leiding en die onthaal dan op die mans neerkom—volgens hul eie opvatting—is hulle tog eintlik P.U.K. se gashere, en is hulle niks minder as ongeskik nie, deurdat hul die eerste beginsels van gasvryheid verontagsaam deur self-en gemaksug. Dit breek die „gaste” se moraal deeglik as hulle verwaarloos of verontagsaam voel. Dit kos net 'n bietjie oplettingsvermoë om te sien watter verskil dit in 'n meisie se houding en selfs klere-drag bring, as daar net 'n bietjie vriendelike aandag aan haar bestee word. Ons dink daaraan dat bloktyd nader, en dan is dit eers aaklig om geen geleentheid te hê om 'n bietjie weg te breek nie. Dit is tog ook nie meer die dae dat gereken is die mans wat so by Thabajäh boer is van „daardie soort” nie. Alle gawe, ordentlike mans behoort in die koshuise te koek en hul op hul eie manier te vermaak. Daardie dae is tog darem nou ook verby, maar dit bring nie juis 'n verbetering in die toestand nie.

Daar is nog 'n ander kwessie wat ek net wil aanraak. Dit is, dat dit opvallend is dat in die stede, of in elk geval buite die universiteite nie so iets as 'n „offisiële keis” bestaan nie. Dit word maar somer van albei kante aangeneem. Waar mense uit alle oorde hier saamstroom en 'n ander stelsel hier vind as die een waaraan hul gewoon was, is dit seker raadsaam om maar lievers die nuwe stelsel na te volg, want anders kan dit baie onnodige verwarring en hartseer veroorsaak.

Die uwe,
P.

KOM NA

POTCHEFSTROOM HANDELAARS

(Eiendoms) Beperk

SIT DIE £ OM IN WAARDE

Die mees Bekende Afrikaanse Handelaars, die Beste en Altyd die Goedkoopste.

DIREKTE—INVOERDERS

Waarde van die Hoogste Gehalte teen die Laagste Pryse!

FOON 259 en 250 — KERKSTRAAT

Landbou-implemente Foon 626.

POTCHEFSTROOM MOTORHAWE

Foon 41. Laat ure. Foon 301.

BLACK EN KIE BEPERK.

KLERASIE VIR DIE HUISGESIN

KLEURBAADJIES EN BROEKE, STEWELS EN SKOENE.

SPORT- EN DRAAGHEMDE VAN ALLE soORTE.

Spesiale Benodighede vir Studente en Skoliere.

Eersteklas Behandeling—Hoogste Waarde—Bring ons 'n Besoek!

Posbus 197. Foon 179.

KERKSTRAAT 61,
POTCHEFSTROOM.

W. J. GROBBELAAR DAMES EN HERE HAARKAPPER.

MARCEL EN WATERGOLWING.
PERMANENTE HAARGOLWING.

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Mansafdeling:—Verminderde Tarief vir Studente Weeksdag.

Tel. 330.

Potchefstroom

Kerkstraat 92.